ONTHULLINGS OOR DIE LAASTE DAE

Die voorgestelde profetiese lesing saam met Parashah Shemot (Jes 27:6 – 28:13) bevat 21 verse wat in drie dele van SEWE verse elk, verdeel kan word. Aan elkeen van hierdie drie dele kan daar ‘n afsonderlike OPSKRIF gegee word: (1) DIE VOLLE VRUG (met 27:9 as vertrekpunt); (2) TWEE SOORTE VERLORENES (met 27:13 en 28:4 as vertrekpunt) en (3) LIPPE WAT HAKKEL (met 28:11 as vertrekpunt). In elkeen van die drie dele is daar SEWE opvallende woorde (of woordgroepe) wat uitgelig kan word en wat die hoogtepunte van daardie betrokke gedeelte onderstreep. Verder is daar ook minstens een opvallende OPDRAG in elkeen van die drie dele en een OPENBARING wat vir ons vandag van die grootste belang is.

In Genesis 49 het Yaakov ‘n seën oor elkeen van 12 seuns uitgespreek en verduidelik dat sy seën oor hulle, op ‘n manier met die LAASTE DAE te make het. Ons het reeds hierop ingegaan en gesien hoedat veral die seën oor Yehudah en Yosef DUIDELIKE profetiese aspekte bevat en dinge aan ons oor die LAASTE DAE openbaar. Jesaja 27:6 – 28:13 het duidelik ook met die laaste dae te make, soos gesien kan word in uitdrukkings soos “in die dae wat kom” (27:6); “in daardie dag” (27:12); “in daardie dag” (27:13) en “in daardie dag” (28:5). Net soos wat Yaakov se seën oor sy seuns vir ons ‘n voorsmakie gee oor wat om in die laaste dae te verwag, net so word daar dinge in die boek van Jesaja onthul wat bietjie vir bietjie help om die laaste dae beter te kan verstaan. Die drie dele van sewe verse elk, word hier as afsonderlike eenhede behandel.

EERSTE DEEL	
OPSKRIF: DIE VOLLE VRUG (v9) **OPVALLENDE WOORDE**: U slaan (v7), U straf (v8), U verstoot (v8); U verdryf (v8), U slaan vrugte af (v12), U versoen (v9), U versamel (v12). **OPDRAG**: Identifiseer elke altaar, boomstam of sonpilaar in jou lewe wat nie van Yahweh af is nie en laat Hom toe om dit te verbrysel (27:9). **OPENBARING**: Die volle vrug wat Yahweh sal insamel in die laaste dae, het te make met israel wat sal UITBOT en die WÊRELD vol vrugte sal maak. Wat ‘n bemoediging dat Yahweh die ware kinders van Israel EEN VIR EEN bymekaar sal maak (27:12) – al moet Hy tot by die Eufraat en die droë rivierlope van Egipte na hulle gaan soek!	27:6 In die dae wat kom, sal Yaákov wortel skiet, Yiesraél sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak. Jes 27:7 Het Hy hom geslaan met die slag wat sy teëstander getref het? Of is hy dood gemaak met 'n slagting soos die wat deur Hom doodgemaak is? 27:8 Met mate het U met hom afgereken toe U hom verstoot het; Hy het hom verdryf met sy geweldige wind op die dag van die oostewind. (WAT BETEKEN: MET MATE?) 27:9 Daarom sal hiermee die skuld van Yaákov versoen word, en dit is DIE VOLLE VRUG van die wegneming van sy sonde: as hy al die altaarklippe maak soos verbryselde kalkklippe, die afgesonderde boomstamme en die sonpilare nie meer oprys nie. 27:10 Want die versterkte stad is eensaam, 'n woning wat ontvolk en verlate is soos die woestyn; daar wei kalwers en daar lê hulle, en hulle eet sy takke af. 27:11 As sy takke verdor het, word hulle afgebreek; vroue kom en steek dit aan die brand; want dit is 'n volk sonder verstand. Daarom sal hulle Maker Hom nie oor hulle ontferm nie en sal hulle Formeerder aan hulle geen guns bewys nie. 27:12 En in daardie dag sal Yahweh vrugte afslaan, van die stroom van die Perat af tot by die spruit van Mietsrayiem, en julle sal ingesamel word, een vir een, o kinders van Yiesraél!

TWEEDE DEEL

OPSKRIF: TWEE SOORTE VERLORENES (27:13 en 28:4).
OPVALLENDE WOORDE: verslaaf (v1), verwelk (v1), verslaan (v1), verwoes (v2), verspoel (v2), vertrap (v3), verteer (v4)
OPDRAG: Bly weg van die patetiese TROTSHEID wat uitbroei in die VRUGBARE dal van hulle wat deur die WYN verslaan is (28:1). [Een vertaling: "How horrible it will be for the arrogant drunks of Ephraim. Their glorious beauty is like a withered flower. They are at the entrance to a fertile valley where they lie drunk from wine."] Interessant dat daar 8 woorde is wat verwys na DRONKEN-SKAP/VERSLAWING en 8 woorde wat verwys na TROTSHEID in hierdie gedeelte van 21 verse. Hier het ons duidelik twee van die GROOT STRUIKELBLOKKE in die laaste dae!
OPENBARING: Yahweh self sal die sierlike kroon van die oorblyfsel van sy volk wees, in die laaste dae, en dus hulle ENIGSTE WARE BRON van trots en sterkte en wysheid. Vir diegene wat bereid is om hulleself met hierdie verhewe kroon te versier en met die stryd van die geloof DEUR TE DRING to by die poort van die vyand (28:6), is daar geen rede om in trotsheid op te gaan of in die put van dronkenskap neer te daal nie.

27:13 En in daardie dag sal daar met 'n groot ramshoring geblaas word; dan sal kom DIE WAT VERLORE IS in die land Ashur en die wat verdryf is in Mietsrayiem, en hulle sal Yahweh aanbid op die afgesonderde berg in Yerushalayiem. 28:1 Wee die trotse kroon van die dronkaards van Efrayiem, en wee die blom wat verwelk, sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal van hulle wat deur die wyn verslaan is. 28:2 Kyk, Yahweh het een wat sterk en magtig is, soos 'n haelstorm, 'n storm vol verwoesting, soos 'n stortbui van geweldige, oorlopende waters wat teen die grond gooi met krag. (WIE IS HIERDIE EEN?) 28:3 Met voete sal vertrap word die trotse kroon van die dronkaards van Efrayiem; 28:4 en DIE BLOM WAT VERWELK, sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal, sal wees soos 'n voorvy voor die vrugte-oes: iemand sien dit skaars of, terwyl dit nog in sy hand is, sluk hy dit weg. 28:5 In daardie dag sal Yahweh van die leërskare wees tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van sy volk, 28:6 en tot 'n gees van strafoplegging vir hom wat sit oor die gereg, en tot 'n sterkte vir hulle wat die geveg terugdring na die poort toe.

DERDE DEEL

OPSKRIF: LIPPE WAT HAKKEL (28:11).
OPVALLENDE WOORDE: wyn (v7), waggel (v7), wankel (v7), verward (v7), walglike uitbraaksel (v8), vir wie? (v9), wegneem (v9)
OPDRAG: Maak gebruik van die rus en die verkwikking wat daar in die woorde van Yahweh opgesluit lê, en deel dit met hulle rondom jou wat ook vermoeid is en verkwikking nodig het (28:12)
OPENBARING: Yahweh sal in die laaste dae mense met lippe wat hakkel, wat vreemde tale praat, gebruik om dit wat reeds geopenbaar is, verstaanbaar te maak, en aan sy volk kennis te leer. Hierdie nuwe perspektief wat kom van buitestaanders, sal vir die lede van sy eie volk leer dat Yahweh se gebooie nie bloot gaan oor gebod op gebod en reël op reël nie, maar dat dit juis bedoel is om rus te gee aan hulle wat vermoeid is. Die gawe van spreek in (bestaande) tale, wat ná die hemelvaart van Y'shua dikwels voorgekom het, het op 'n manier met die vervulling van hierdie profesie te make (1 Kor 14:12) en maak van "spreek in tale" 'n TEKEN van die onthulling van wat Shaúl as 'n eeue-lange verborgenheid beskryf: dat mense uit die heidendom tot gehoorsaamheid aan Yahweh en mede-erfgename van Israel opgeroep word (Rom 11:25; Rom 16:25; Efes 3:3).

28:7 En ook die manne hier wankel deur die wyn en waggel deur sterk drank; priester en profeet wankel deur sterk drank, hulle is verward van die wyn, hulle waggel van sterk drank, hulle wankel as hulle gesigte sien, hulle waggel by die regspraak. 28:8 Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen plek is nie. (PLEK VIR WAT?) 28:9 Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? 28:10 Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. 28:11 Ja, Hy sal deur LIPPE WAT HAKKEL, en deur 'n vreemde tong met hierdie volk praat, 28:12 Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, gee rus aan die vermoeides, en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie. 28:13 Daarom sal die woord van Yahweh vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word.